# Hey!
# Brokkies Nuus
# Januarie 2014

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**"2014 = 24/7 AAN GOD DIE EER ! "**



Uitreik pret!

**1.TERUGBLIK OP GESEËNDE EINDE VAN 2013**: 1.**22 Nov: Uitreik** by **Helderberg natuurreservaat: UT PROSIM is Beaumont se leuse en om te dien is wat die gr R,1,2 en 3's wou doen. Daar is uitgereik na** omtrent 100 kleutermaats.Die verhaal van 3 konings in 2 Kronieke is vertel. **Josia** was **net 8 jaar oud toe hy koning geword het** (soos baie kinders teenwoordig die dag!) en die goeie nuus was dat hy **reg gekies het VIR GOD** en die hele volk het ook vir God aanbid! **Baie kinders het kom bid om God te vra om hulle te help om ook reg te kies VIR God..**



Uitreik na Somlandela creche in Asanda village

**2. 30 Nov "Partytie vir Jesus" by Post house wynplaas.** Dankie aan die Aarons vir die wonderlike geleentheid! 16 Beaumont leerders het die Kinder EEIII aanbieding opgevoer en hulle was "amazing" akteurs!



"Beste Vriende" by Danie Ackermann gr5

**3. Uitreik 2 Des na Asanda Village** deur **Beaumont se gr6 groep.** A.g.v. logistieke probleme kon net ek en Lise Lourens gaan om geskenkies te gee wat die gr6 groep met soveel liefde verpak het.Ons wil beslis 'n pad stap met **Masikhule Childcare** en **Karen Bufe** met wie ons hier hande gevat het. Wat 'n wonderlike belewenis was hierdie "township"!

**2.BEDIENING GROEI**:Hey! bedien nou die **gr5, 6 en 7 groep van sowat 370 kinders by Danie Ackermann** met "Mailbox club" se programme. Dit dien ook as 'n leesprogram aangesien almal saam kan lees terwyl hulle meer leer van Jesus! Die sowat **14 mense betrokke wie help met Bybelklasse is die lig waarvan Matteus 5 praat!**

**3. FACEBOOK**: Ons plaas op weeklikse basis foto's. As jy op hoogte wil bly **gaan "like" HEY! se facebook bladsy** by **www.facebook.com/HopeExplosionYouthMinistries**

**3.AANBIEDERS EN OPLEIDING**:Soos uitbreiding plaasvind moet **passievolle mense** gevind word wie **lief is vir die Here en graag met kinders werk.** ***Romeine 10:13-15 "want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring."*** **Daar is nou sowat 70 helpers wie se voetstappe weerklink in Kaap se Hey! bediening** SO TROTS OP JULLE,DANKIE! ♥



Lochnerhof groepleier opleiding deur Chris, Carel en Louis-dankie aan julle,ons mentors!



De Hoop gr3 skop af met "Hoop vir kinders"

Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste